



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 27 JANUARIE 2022 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy  
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Stanley, B J (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Siviele Ingenieurswese, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadshere, raadslede en amptenare. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek.

Die Kapelaan by Korrektiewe Dienste, Ds Mariette Frantz, open die vergadering met skriflesing en gebed op die versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het en rig 'n spesiale woord van gelukwensing aan, mnr Leon Fourie, van die Kantoor: Strategiese Dienste wat vandag verjaar.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdd M van Zyl.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

**3.1 AFLEGGING VAN EED: RDL A A DUDA**

[Item 8.1 verwys]

Die Speaker gee geleentheid aan rdl A A Duda om mondelings die eed van getrouheid af te lê en te onderteken.

#### **4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

##### **4.1 NOTULE VAN DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE VYFDE MUNISIPALE RAAD GEHOU 16 NOVEMBER 2021**

###### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van die eerste vergadering van die Vyfde Munisipale Raad gehou op 16 November 2021 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

##### **4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 9 DESEMBER 2021**

###### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou 9 Desember 2021 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

#### **5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

###### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### **5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 23 NOVEMBER 2021**

##### **5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 8 DESEMBER 2021**

#### **6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

###### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### **6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 7 DESEMBER 2021**

#### **7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

#### **8. SAKE VIR BESPREKING**

##### **8.1 (1) BEDANKING AS RAADSLID: ME M F GAIKA / (2) AANWYS VAN NUWE RAADSLID: MNR A A DUDA (17/17/3/2/4; 3/1/7)**

'n Skrywe is ontvang vanaf me M F Gaika gedateer 5 Desember 2021 waarin sy haar bedanking as raadslid van die Swartland Munisipale Raad bevestig.

Die vakature is aan die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) gerapporteer, waarna mnr A A Duda op 13 Desember 2021 deur die OVK as raadslid van die Swartland Munisipale Raad in die plek van me M F Gaika aangewys is.

###### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl B J Penxa)

(a) Dat die Raad kennis neem van:

8.1(a)/...

- (i) die bedanking van rdl M F Gaika met ingang van 5 Desember 2021;
  - (ii) die wetlike prosedures waaraan voldoen is met die vulling van die proporsionele setel van die EFF in die Raad wat vakant gelaat is met die bedanking van rdl Gaika;
  - (iii) die verkiesing van rdl A A Duda soos bevestig deur die OVK op 13 Desember 2021;
- (b) Dat geleentheid gegee word aan rdl A A Duda om die eed af te lê;
- (c) Dat rdl A A Duda aangewys word op die volgende komitees van die Raad as verteenwoordiger van die EFF:
- (i) Portefeulekomitee: Siviele en Elektriese Dienste
  - (ii) Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC)

## **8.2 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2020/2021 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)**

Die 2020/2021 Konsep Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê ingevolge artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) – MFMA.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die proses tot en met die finale goedkeuring van die 2020/2021 Jaarverslag tydens die Raadsvergadering van 31 Maart 2022, met inbegrip van die opstel van die Oorsigverslag in samekwering met die MPAC. Die insette wat gedurende die publieke deelnameproses op die konsep jaarverslag ontvang word, sal in die Oorsigverslag vervat word, vir oorweging tydens die voormelde raadsvergadering.

Rdh B J Stanley en rdl C Daniels spreek hulle ontevredenheid uit dat daar nie 'n hardekopie van die sakelys aan hulle voorsien is nie, alhoewel dit elektronies ontvang is. Rdl C Daniels noem dat dit belangrik is om veral die konsep jaarverslag te ontvang, aangesien dit 'n belangrike dokument is, en hy uitgesluit voel tot die proses.

Die Speaker doen 'n beroep op alle raadslede om, wanneer die sakelys van enige vergadering nie binne 48 uur voor die vergadering afgelewer is nie, die administrasie onmiddellik in kennis te stel. Die Speaker rig 'n versoek aan alle raadslede om die vergaderingskediule te raadpleeg om sodoende op hoogte te wees wanneer vergaderings gehou sal word.

Die Speaker versoek rdh Stanley, bygestaan deur die Hoofswep van die DA, rdl A K Warnick, om die lokaal te verlaat nadat rdh Stanley die Voorsitterstoel verontagsaam het deur die uitlatings wat deur rdh Stanley gemaak is.

Die Hoofswep van die DA, rdl A K Warnick, versoek die Speaker om die Raad vir 10 minute te verdaag en word die mosie deur die Speaker toegestaan.

Rdl A K Warnick, na afloop van die verdaging, versoek die Speaker om die vergadering te hervat.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2020/2021 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;
- (b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 127 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
  - (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
  - (ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;

8.2(b)/...

- (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die raadsvergadering op 31 Maart 2022 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
  - (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;
- (c) Dat die MPAC, na afloop van die sluiting van kommentaar op die jaarverslag, 'n gedetailleerde analise sal doen van die verhoë wat ontvang is, ten einde die konsep oorsigverslag op te stel vir oorweging deur die Raad op 31 Maart 2022;
- (d) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 31 Maart 2022.

### **8.3 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): 1 OKTOBER 2021 TOT 31 DESEMBER 2021 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die MFMA.

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 2 soos op 31 Desember 2021 is met die sakelys gesirkuleer.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Oktober 2021 tot 31 Desember 2021.

### **8.4 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (7/1/2/2-2; 2/4/2)**

Artikel 72(1) van die MFMA bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer en aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester moet vervolgens ingevolge artikel 54(f) van die MFMA jaarliks teen 31 Januarie die evalueringsverslag aan die munisipale raad voorlê.

Die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasieverslag is opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningsregulasies (Algemene Kennisgewing 393 soos afgekondig in die Staatskoerant gedateer 17 April 2009).

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die Halfjaarlikse Begrotings- en Prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2021/2022 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

8.5/...

## 8.5 GOEDKEURING VAN DIE 2021/2022 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN -BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die 2021/2022 Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Januarie 2022 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad en word deur die Uitvoerende Burgemeester ter tafel gelê.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge artikel 28 van die MFMA nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geëvalueer is – verwys item 8.4.

Die navrae vanaf raadslede vir duidelikheid word hanteer deur die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Finansiële Dienste, onder andere, aangaande

- die skenking vanaf SANRAL van R1 miljoen (totale skenking van R14,8 miljoen oor die volgende twee finansiële jare) om die voetgangersroete te bou;
- die beskikbaarheid, op versoek, van voorafbetaaltipe meters aan deernishuishoudings om beheer op verbruik uit te oefen;
- die komponente waaruit die Kapitaal Vervangingsreserwefonds (*Capital Replacement Reserve Fund*) bestaan en die belangrikheid om kapitaalprojekte uit eie fondse te finansier. Om eksterne lenings op te neem is duur en kan lei tot buitensporige hoë tariewe;
- Die aansuiwering van die toelaag vanaf die Departement: Sport en Kultuursake vir die bedryf van biblioteke.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 12 stemme ten gunste daarvan, en nege raadslede wat buite stemming bly.

### BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

- Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- Dat die Raad kennis neem van die voorgestelde aanpassing (wat verband hou met Artikel 19) ten opsigte van die Rioolwerke-projek: Moorreesburg (**Annexure A-2: Capital Projects ito Sec 19**);
- Dat goedkeuring verleen word om die hoëvlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2021/2022 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

	Oorspronklike Begroting 2021/22	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2021/22	Oorspronklike Begroting 2022/23	Oorspronklike Begroting 2023/24
Kapitaalebegroting	166 435 729	166 040 448	132 744 732	136 678 848
Bedryfsuitgawes	911 967 149	951 133 356	983 835 346	1 055 314 274
Bedryfsinkomste	968 875 613	1 007 040 106	1 048 008 388	1 119 714 984
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(56 908 464)</b>	<b>(55 906 750)</b>	<b>(64 173 042)</b>	<b>(64 400 709)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	47 912 409	48 027 246	45 865 556	50 788 078
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>(8 996 055)</b>	<b>(7 879 504)</b>	<b>(18 307 486)</b>	<b>(13 612 631)</b>

- Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2021/2022 finansiële jaar nie, maar sal lei tot 'n afname in die begrote netto surplus van R8 996 055 na 'n begrote netto surplus van R7 879 504;

8.5/...

- (e) Dat die ongemagtigde uitgawe van R13 258 009 vir die 2020/2021 finansiële jaar gemagtig word as deel van die aansuiweringsbegroting in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;
- (f) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2021/22 – 2023/24)**;
- (g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) dienooreenkomstig gewysig word.

#### **8.6 ONDERSOEK INSAKE VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE MFMA (5/15/1/5)**

Die verslag tot die sakelys bevat die nuutste ondersoeke na vrugtelose en verkwiste uitgawes in terme van artikel 32 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 soos uitgevoer deur die Dissiplinêre Raad.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die onderskeie begrippe en die prosesse wat gevolg staan te word om die betrokke uitgawes te magtig. Die Munisipale Bestuurder bevestig, ook met verwysing na item 8.7, dat die Munisipaliteit geen verliese gelei het nie en dit dus 'n belangrike aanduiding is dat geen korrupsie plaasgevind het nie.

Die volledige verslag van die Dissiplinêre Raad met die uitslag van die ondersoeke is met die sakelys gesirkuleer.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die Rekord van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsel A tot die verslag m.b.t. die vrugtelose en verkwiste uitgawe ondersoek;
- (b) Dat die volgende aanbevelings van die Dissiplinêre Raad soos vervat in die aanhangsel tot die verslag goedgekeur en geïmplementeer word:
  - (i) Die afskrywing van R5 000 met betrekking tot die bybetaling aan die versekeringsmaatskappy, aangesien daar nie bepaal kon word of die bestuurder van die voertuig nalatig was nie.
  - (ii) Die Verkeers- en Wetstoepassingsbeamptes, wat die ongeluksverslae voltooi, moet meer besonderhede van die ongelukstoneel insluit, soos die oorsaak van die ongeluk, indien voldoende voorsorgmaatreëls getref is om die ongeluk te voorkom, is alle verkeersreëls nagekom, indien die ongeluk voorkom kon word, nalatig deur die bestuurder, hindernisse/probleme wat normale bestuursvermoë beïnvloed, ens.
  - (iii) Die Verkeersdepartement moet bepaal of die truspieëls van voertuig CK47348 voldoende is sodat die bestuurder die agterkant van die voertuig (verandering) en die area rondom die voertuig behoorlik kan waarneem.

#### **8.7 ONREËLMATIGE UITGAWES SOOS GERAPORTEER DEUR DIE OUDITEUR-GENERAAL (OG) IN VERSLAG VAN 2020/2021 FINANSIËLE JAAR (5/15/1/5)**

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die bevinding van die Ouditeur-Generaal insake die nie-nakoming van die vereistes ingevolge die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid.

Die ondersoek van die Dissiplinêre Raad soos aangeheg tot die verslag bevat volledige inligting aangaande die onreëlmatige uitgawes, sowel as aanbevelings om die gevalle in die toekoms te voorkom.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Daar kennis geneem word van die ondersoek deur die Dissiplinêre Raad ten opsigte van die onreëlmatige uitgawes soos deur die Ouditeur-Generaal gerapporteer:
- (i) Die ondersoek is afgehandel met betrekking tot die verkryging van goedere en dienste wat onreëlmatige uitgawes tot gevolg gehad het;
  - (ii) Die finale gevolgtrekking en aanbeveling aan die raad soos in die verslag aangedui, is soos volg:
    - dat die onreëlmatige uitgawes van R950.00 vir die vervanging van vier ruite by die Vaste Afval terrein te Darling as oninvorderbaar afgeskryf word aangesien, voldoende stappe geneem is om aankope te voorkom van persone indiens van die staat, deurdat Menslike Hulpbronne proaktief die Verkrygingsbestuur afdeling in kennis stel van munisipale amptenare wat belange het in besighede;
    - dat die onreëlmatige uitgawes van R333 148.10 (R199 398.50 Moorreesburg & R133 749.60 Darling) deur die Raad as oninvorderbaar afgeskryf word, aangesien die Siviele Ingenieursdienste Departement die Verkrygingsbestuur afdeling ingelig het dat 'n ingeligte besluit gebaseer op 'n ingenieursperspektief geneem was om 'n informele tender proses te volg deur aparte kwotasies vir die twee areas te versoek, nadat die Verkrygingsbestuur afdeling die verdeling bevrage het;
    - dat Bestuur ter goeder trou opgetree het en die onreëlmatige uitgawes nie die gevolg was van opsetlike of growwe nalatigheid of as gevolg van bedrog of met ander oneerlike bedoeling nie; en
    - Die munisipaliteit het die bogenoemde dienste ontvang en is geen verlies gelei nie;
  - (iii) Geen verdere besigheid sal aangegaan word met die relevante verskaffer en sal Nasional Tesourie se CSD verslag, waar prakties moontlik, en/ of die Verklaring van Belange van werknemers aangewend word vir alle aankope om te voorkom dat aankope gedoen word met persone indiens van die munisipaliteit; en
  - (iv) Die LUR vir Plaaslike Regering en die Ouditeur-Generaal moet skriftelik ingelig word ingevolge artikel 32 4) van die MFMA oor die onreëlmatige uitgawes.

**8.8 NOMINASIES: AANWYS VAN RAADSLEDE OP KLINIEK-KOMITEES VAN DIE GESONDHEIDSFASILITEITE IN DIE MUNISIPALE GEBIED (3/3/1)**

'n Versoek is ontvang vanaf die Wes-Kaapse Regering: Departement van Gesondheid vir die indiening van nominasies van raadslede om op die komitees van primêre gesondheidsorgfasiliteite in die munisipale gebied te dien.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die versoek ontvang vanaf die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid gedateer 4 Januarie 2022 om raadslede op die onderskeie kliniek-komitees aan te wys;
- (b) Dat die volgende raadslede genomineer word om die Swartland Munisipale Raad op die onderskeie kliniek-komitees van die gesondheidsfasiliteite geleë binne die munisipale gebied te verteenwoordig, naamlik:
- (i) Darling Kliniek rdl A K Warnick
  - (ii) Moorreesburg Kliniek rdle D C Pypers en C Fortuin

8.8(b)/...

- (iii) Malmesbury Gemeenskap Dagsentrum  
rdle I S le Minnie en M Ngozi
- (iv) Riebeek Kasteel Kliniek  
rdl D G Bess
- (v) Riebeek-Wes Kliniek  
rdl N Smit
- (vi) Abbotsdale Satelliet Kliniek  
rdh B J Stanley en rdl C Pieters
- (vii) Chatsworth Satelliet Kliniek  
rdl R J Jooste
- (viii) Kalbaskraal Satelliet Kliniek  
rdh B J Stanley
- (ix) Riverlands Satelliet Kliniek  
rdl R J Jooste
- (x) Koringberg Satelliet Kliniek  
rdd M van Zyl
- (xi) Swartland Hospitaal  
rdle E C O'Kennedy en B J Penxa

- (c) Dat die voormelde nominasies aan die Provinsiale Minister van Gesondheid deurgegee sal word;
- (d) Dat die Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer aangewys word om die Swartland Munisipale Raad op die Weskus Gesondheidsraad te verteenwoordig vir oorweging deur die Provinsiale Minister van Gesondheid.

**GETEKEN:  
SPEAKER**